NG Gemeente Lyttelton-Oos

Begelei mense tot 'n lewe in oorvloed

www.lytteltonoos.org.za | Vrydag 9 Junie 2006 | Wat is 'n lewe in oorvloed?

Indien jy die gemeente finansiëel wil ondersteun, klik hier:

AKTIWITEITE EN BEDIENINGE:
Klik op die blokkie hieronder vir meer inligting. Hou jou dagboek byderhand!

PARKNAVAL
Teken Woensdag 9 Augustus aan en moet niks ander reël nie!

ADORAMUS
Aanbiddingsdiens Volgende geleentheid is 28 Junie om 20:00

MOSAÏEK
Elke Sondagaand om 19:00 behalwe gedurende skoolvakansies / langnaweke

PINKSTER
Baie dankie aan almal wat die pinkster-bidure bygewoon het.

KINDEREREDIENSTE
Elke Sondag behalwe langnaweke en skoolvakansies

BLOKBYEENKOMSTE
Blok 4: 11 Junie

GEBEDSBEDIENING
Elke Sondag om 09:00. Kontak Hannelie du Preez by 082 908 3992

VERVUL JOU FUNKSIE!

Hy is immers die hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde. (Ef 4:16)

Jy het 'n funkise om te vervul in die liggaam van Christus, die gemeente. Jy het 'n plek, 'n taak, 'n rol en 'n opdrag.
Ons kan nie sonder jou klaarkom nie.
Ons kan nie sonder jou effektief funksioneer nie.
Ons kan nie sonder jou gawes, talente en vaardighede nie.
Jy is 'n uiters *noodsaaklike* skakel in die ketting!

Hoe kom ek op hoogte met die heel nuutste nuus oor die gemeente, geloofsake en kerklike gebeure?
Deur gereeld Lyttelton-Oos se BLOG te besoek!

Besoek ons Blog

NUWE BEDIENING

Het jy 'n vaardigheid wat dalk van nut kan wees vir ander?

KOM ONS HELP MEKAAR!

Ons het almal een of ander tyd hulp van een of ander aard nodig. Ons kan nie almal alles doen nie. Ons is nie almal ewe vaardig op alle terreine nie.

Maar: ons is deel van 'n gemeenskap met 'n verskeidenheid gawes, vaardighede en talente. Kom ons poel dit en wees bronne van hulp vir mekaar!

Vul jou naam en besonderhede Sondag by die inligtingstafel in. Klik hier vir meer inlgting.

PARKNAVAL

9 Augustus 2006

Die volgende word beplan:

Pretloop
Trompoppies
Voertuiguitstalling
Vlooimarkstalletjies
Mini-krieket toernooi
Voertuig-hantering-kompetisie
Springkastele
Speletjies

en ...

Pannekoek, Kerrie en Rys, Worsbrood-jies, skaapbraai, potjiekos ens ens.

KOM WEES DEEL!



Nuwe lig op

OPENBARING

Hoe het die mense van die eerste eeu Openbaring gelees en verstaan?
Wanneer ons hierdie antwoord hoor dan verstaan ons self Openbaring!

13 Augustus - 17 September
Sondae 19:00 (Mosaïekdiens)

Kaart na kerkterein

Laai preke af

KLUB IMMERGROEN Saterdag 10 Junie

Die waarde van genade is God se onvoorwaardelike liefde vir almal. Dit is die *basis* waarop ons verhoudings gebou word en kry gestalte:

in ons verhouding met GOD wanneer ons ons VERHEUG in sy liefde,
in ons verhouding met MEKAAR wanneer ons mekaar VERGEWE
in ons verhouding met ANDER wanneer ons God se liefde VERTOON in die wêreld waarin ons leef.

Die volgende bedieninge bevorder die waarde van GENADE:

Gasvryheidsbediening
Diensevangelisasie
Nuwe intrekkers
Mosaïek-diens
Eredienste
Jeugfeeste

Klik op die pyltjies vir meer inligting.
Hierdie bediening is aktief
Hierdie bediening is nog nie aktief nie
Hierdie bediening gaan eersdaags afskop

Die waarde van gemeenskap is ons saamwees as broers en susters binne 'n spesiale huisgesin: die huisgesin van God. Dit vorm die *konteks* waarbinne ons verhoudings funksioneer. Hierdie verhouding kry gestalte:

in ons verhouding met GOD wanneer ons VERTROU op ons Vader se sorg,
in ons verhouding met MEKAAR wanneer ons mekaar VERSORG en help en dien,
in ons verhouding met ANDER wanneer ons ander in ons midde VERWELKOM en tuis laat voel.

Die volgende bedieninge bevorder die waarde van GEMEENSKAP:

Helpmekaar bediening
Nuwe lidmaatverwelkoming
Klub Immergroen
Wyks- en blokbediening
Kleingroepe
Sekerheidsbediening
Eredienste
Tienerbediening: Koffiekroeg

Die waarde van gebed is ons konstante en noue kontak met die Here. Dit vorm die *kern* waarrondom ons verhoudings wentel. Hierdie waarde kry gestalte:

in ons verhouding met GOD wanneer ons ons verhouding met Hom VERDIEP,
in ons verhouding met MEKAAR wanneer ons mekaar VERSTERK deur voorbidding en gesamentlike aanbidding,
in ons verhouding met ANDER wanneer ons die wêreld VERANDER deur gebed

Die volgende bedieninge bevorder die waarde van GEMEENSKAP:

Gebedsbediening
Eredienste
Adoramus-diens
Kinderbediening: Kindereredienste
Tienerbediening: Jeugdiens
Mosaïek-diens
Retreats
Gemeentebiduur /-bybelstudie

Die waarde van groei is die ontwikkeling en van die groot hoeveelheid potensiaal wat die Here in ons in gebou het. Dit is die *potensiaal* wat daar in ons verhoudings geleë is. Hierdie waarde kry gestalte:

in ons verhouding met GOD wanneer ons toelaat dat Hy ons VERNUWE,
in ons verhouding met MEKAAR wanneer ons mekaar VERRYK deur mekaar se potensiaal raak te sien,
in ons verhouding met ANDER wanneer ons ons wêreld konstant VERBETER deur sout en lig te wees,

Die volgende bedieninge bevorder die waarde van GROEI:

Mosaïek-diens
Tienerbediening: Kategese
Eredienste

Die waarde van gehoorsaamheid is die opneem van ons roeping / taak / opdrag wat ons van die Here gekry het. Dit is die *doel* waarop ons verhoudings gerig is. Hierdie waarde kry gestalte:

in ons verhouding met GOD is wanneer ons onsself met hart en siel aan God se droom vir die wêreld te VERBIND,
in ons verhouding met MEKAAR is wanneer ons ons funksie binne die liggaam van Christus te VERVUL,
in ons verhouding met ANDER is wanneer ons daarin slaag om God se liefde in hierdie wêreld te VERMENIGVULDIG.

Die volgende bedieninge bevorder die waarde van GEHOORSAAMHEID:

Aksie Arbeiders vir die Oes
Matlala uitreik
Koffiekroegbediening
Rehabilitasiesentrum vir straatkinders
Bybelverspreiding

INLIGTINGSTAFEL

Om die gemeente te dien met inligting rig ons elke Sondag 'n inligtingstafel in by die tee-luik en sal tussen die twee dienste beskikbaar wees. Kom besoek ons gerus en kuier oor 'n koppie tee!

GEMEENTEPROGRAM

SONDAG, 11 JUNIE
Inhandiging van Kommissieverslae
09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman(Tema: Vervul jou funksie in die huisgesin van God)
10:30 Erediens (Doop): Ds Freddie Schoeman (Tema: Vervul jou funksie in die huisgesin van God)
17:30 Jeugdiens (Kategese)
19:00 Mosaïek: In die stof van die Rabbi (4/4)

DINSDAG, 13 JUNIE
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 14 JUNIE
17:30 Biduur

VRYDAG, 16 JUNIE
Jeugdag

SONDAG, 18 JUNIE
Sakelys: Kerkraadsvergadering
09:00 Erediens: Ds André Viljoen

DINSDAG, 20 JUNIE
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 21 JUNIE
17:30 Biduur
19:00 Kerkradsvergadering
Inbetaling Diakonie

VRYDAG, 23 JUNIE
SKOLE SLUIT
Skoolvakansie 23 Junie 17 Julie

SONDAG, 25 JUNIE
Deurkollekte Motorwag
09:00 Erediens: Ds Melanie Smit

SONDAG, 2 JULIE
Deurkollekte Noodlenigingsfonds
09:00 Erediens: Ds Odie Odendaal

HULP MET BEGRAFNISSE

Ria Maree vra asseblief, as daar lidmate is wat graag behulpsaam wil wees met begrafnisse sy dit baie sal waardeer. Skakel haar by 664-3364 en bied u hulp aan!

GEBEDSVERSOEKE:

Wil jy graag hê dat ons gebedspan vir jou (of iemand anders) intree? Plaas gerus jou versoek in die houers op die inligtingstoonbank. versoeke kan anoniem wees. "Geloof is vrees in gebed geborge".

Lyn en Jacques hardloop weer vir Bybelverspreiding.

Lyn de Bruin neem hierdie jaar weer deel aan die Comrades Marathon en gemeentelede kry weer die geleentheid om hulle per kilometer te borg vir Bybelverspreiding.

Lyn skryf:

Dear Friends
The 16th of June, Comrades is 5 weeks away!
For the past 7 years my motivation and reason to keep on running the Comrades has been flamed through an incentive of our Church to collect as many bibles through donations/sponsorships (R25.00 per km)
as possible. The generosity of my friends, parish, colleagues and family have kept me going each year and
willed me to complete each of my last 6 races.
I would be most grateful if you could help me make this a bumper collection year as this will be my tenth
Comrades. Help us, Jacques Martins and myself, to make a difference in someone else's life, someone that may not be
able to purchase one of their own or that still have to be introduced to Jesus and the Bible.
If you are willing and able to help with this worthy cause please contact me or you can bank your donation in
Absa account no: 1810 1025, Centurion Branch with the reference Bibles/your name.



Hierbo is 'n skematiese uiteensetting van die drie verhouding waarin elkeen van ons as gelowiges staan.

Elke verhouding het vyf aspekte wat saamhang met die waardes van genade, gemeenskap, gebed, groei en gehoorsaamheid.

Wat ons *verhouding met God* aanbetref gee ons gestalte aan die waarde van:

GENADE deur ons te *verheug* in God se liefde,
GEMEENSKAP deur op God se sorg te *vertrou*,
GEBED deur ons verhouding met God te *verdiep*,
GROEI deur toe te laat dat God deur sy Woorde en Gees ons lewens *vernuwe,*
GEHOORSAAMHEID deur ons te *verbind* aan God se droom vir hierdie wêreld.

Wat ons *verhouding met mekaar* aanbetref, gee ons gestalte aan die waarde van:

GENADE deur mekaar te *vergeef,*
GEMEENSKAP deur mekaar te *versorg*,
GEBED deur mekaar te *versterk* deur gesamentelik aanbidding en voorbidding vir mekaar,
GROEI deur mekaar te verryk deurdat ons mekaar dien met ons gawes,
GEHOORSAAMHEID*,* deur ons funksie in die gemeente te *vervul.*

Wat ons *verhouding met ander* aanbetref gee ons gestalte aan die waarde van:

GENADE deur God se liefde aan ander te *vertoon* op praktiese maniere deur dade van liefde en sorg,
GEMEENSKAP deur ander in ons midde te *verwelkom* en tuis te laat voel,
GEBED deur die skanse van die vyand te *verbrokkel* deur intersessie-gebed,
GROEI deur met veranderde en verrykte lewens die wêreld om ons te *verbeter* deur sout en lig te wees,
GEHOORSAAMHEID deur ons unieke lewensroeping te *verwesenlik*

Die Kerk in die Media

Hier is 'n seleksie uit berigte, briewe en rubrieke wat in die media verskyn het die afgelope week wat handel oor die kerk, die christelike geloof en ander godsdienstige sake. Ons verskaf nou ook op ons gemeente se Web Log (Blog) - (www.lytteltontonoos.org.za/blog) skakels na artikels op die web oor kerk en godsdiens. U kan ook inteken op 'n gereelde e-pos wat deur die Algemene Sinode se inligtingsdiens verskaf word deur 'n e-pos te rig aan ngkinlig@mweb.co.za

Is 06:06:06:06:06:06 boos of net toevallig? Beeld, 06.06.2006

'n Numeriese toevalligheid wat in vandag se tyd en datum voorkom, het wêreldwye bespiegeling en ophef veroorsaak. 06:06:06 vandag, 6 Junie 2006, kan naamlik ook geskryf word as 06:06:06:06:06:06 - of sommer 666666. Webwerwe het vooraf bespiegel dat dié oomblik of dag die "dag van die antichris" kan wees of selfs 'n dag waarop terreur kan plaasvind. Volgens www.denverpost.com was daar sedert 1970 sowat 60 terroriste-aanvalle op 6 Junie. .. Op die webtuiste threeworldwars.com is bespiegel dat vandag se datum strook met datums waarop vorige terroriste-aanvalle plaasgevind het. Dit sluit in die 777-patroon tydens die Londen-bomaanvalle op 7 Julie 2005, die 911-patroon tydens die terreuraanval op die World Trade Center in New York en die bomaanvalle in Madrid wat 911 dae na dié 9/11-aanval plaasgevind het. Ander mense meen die numeriese opeenvolging is niks meer as toevallig nie. "Ek is glad nie bekommerd daaroor nie, ek gaan aan met my planne, het 'n direkteur van 'n komitee vir wetenskaplike ondersoeke na die paranormale in die VSA, mnr. Barry Karr, aan www.syracuse.com gesê. "Die datum het in 1906 en 1966 ook angstigheid veroorsaak." Nóg 'n interessante numeriese opeenvolging het vroeër vanjaar plaasgevind toe dit op 2 min. en 3s ná 01:00 op 4 Mei die getalle 1:2:3:4:5:6 getoon het. Pieter Jordaan [K 28603: Satan saai sinistere saadjies op 6:6:6:6:6:6; Burger, 05.06.2006]

NG KERK - NUUS

Leraar 'bid bagasiebak oop' in kaping; Volksblad, 06.06.2006

'n Bloemfonteinse predikant het sy motor se bagasiebak "oopgebid" toe hy in 'n kaping daarin toegesluit is. Dr. Johan Janse van Rensburg van die NG kerk Heuwelsig het 'n tweede kans gekry toe "God hom gewys het hoe om 'n bagasiebak oop te sluit" en hy homself bevry het. Dié leraar het die naweek in sy Sondagdiens oor sy kapingservaring gepraat. Sy verhaal van hoe kapers hom oor 'n naweek by College Square in die stad in die motor se bagasiebak toegesluit het, het kerkgangers aangegryp. Hy wou gister nie veel oor dié traumatiese kaping 'n tydjie gelede uitwei nie. "Ek het net aanhou bid. Dit was nie vir my 'n angstige oomblik nie, omdat ek glo die Here het my kalm gehou. Ek dink die Here het darem 'n goeie sin vir humor om vir my presies te sê hoe om die bagasiebak van binne oop te maak. "Die Here praat in tye van nood met 'n mens. Dit was 'n wonderwerk hoe Hy my gewys het hoe om myself te bevry." Hy sê die kapers het 'n rukkie met hom rondgery. "Ek het afgelei dat hulle nog van hul vriende of hulp wou gaan oplaai." In 'n stadium toe die motor stilgestaan het, het hy uitgeklim en hom uit die voete gemaak. Dié kerkman is ná dié ervaring 'n ryding armer en niemand is nog in verband met die voorval in hegtenis geneem nie.
"Al wat ek kan sê, is dat ek dit nog verwerk. "Sedert ek in die preek oor die kaping gepraat het, is ek oorval deur gemeentelede wat met my hieroor wil praat. Ek het dus afsluiting van die hele ervaring gekry," het hy gesê. - Elsje Neethling

NGK in blouberg se klok kry voete; Burger, 06.06.2006

KAAPSTAD. Die NG Kerk in Bloubergstrand is sy geelkoper-kerkklok wat langer as 80 jaar in die gemeente se besit was, kwyt. "Ons weet nie wanneer of hoe die klok gesteel is nie," het ds. Thinus Brits, leraar van dié kerk, gister gesê. "Iemand het Vrydagmiddag ons skriba, me. Hester van Staden, gebel en gevra of die klok nie dalk gesteel is nie. "Die inbeller het gevra omdat hy 'n kerkklok in 'n bos opgetel het." By nadere ondersoek het Van Staden vasgestel die kerkklok is wel gesteel, maar dat dit nie die klok is wat in die bos gevind is nie. Volgens Brits was hul kerk se klok " 'n pragtige ou klok van soliede geelkoper". Die klok wat opgetel is, is van yster gemaak. Die klok was sedert 1924 in die kerk se besit. "Ons mis sy klank. As ons 'n ander een kry, sal dit seker in 'n hoë toring vasgesit word." Brits het gesê die klok was juis nie in 'n toring nie. "Ons het oorweeg om 'n kloktoring te bou, maar wou nie soos 'n tipiese NG Kerk met 'n groot toring lyk nie." "Op die ou end het dít die moeilikheid veroorsaak." Hy het gesê die klok was nie moeilik om te steel nie. Hy het gesê dié klok was binne die bereik van kinders en hulle is aangemoedig om "dit te lui soos hulle lus kry". "Dit is baie hartseer." Die klok het op sekere tye nie gelui nie, maar dit het die vrese oor wat reg en verkeerd by die kerk is, vir die kindertjies help afbreek." Brits het gesê die klok was nie verseker nie en dit is van groot sentimentele waarde vir die gemeente. - Lucille Botha

KLETSKERK

K 28612: Klets in die kerk; Burger Bylae, 03.06.2006
Op 'n Sondag, vroeër verlede maand, het Daantjie Badenhorst, wat in die volksmond as Daantjie □Dinamiet bekend is en die suksesvolste wenner van Flinkdink sowel as Noot vir Noot tot nog toe is, in die kerk gesit en al hoe kwater geword. JOHANNES DE VILLIERS vertel hoekom.... "Ek het genoeg van hierdie snert gehad." ... Steeds was daar nie genoeg stoom afgeblaas nie. Daantjie het besluit om te doen wat 'n klein maar al groter wordende groep NG lidmate doen as hulle 'n eiertjie te lê het. Hy het agter sy rekenaar ingeskuif, www.kerkbode.co.za ingetik en daar op die webwerf van die NG Kerk se amptelike lyfblad 'n kletskamer gekry waarin enigeen heiden, gelowige, ketter, herder of skaap hul mening kan lug.
KLETSKERK, amptelike kuberkletsruimte van Kerkbode, is baie soos 'n kerk self, maar net omgekeer. Die lidmate praat heeltyd, sonder dat 'n predikant voor staan en sê wie 'n beurt kry. Is jy 'n heiden wat wil laster en kla? Die kuberkerkdeur staan vir jou oop. Is jy 'n godvrugtige gelowige wat paragrawe en paragrawe lank wil vertel hoe jy die Bybel verstaan? Hier gaan niemand jou onderbreek nie. In die net meer as 'n jaar wat dit bestaan, is meer as 8000 briewe al daarop geplaas. Onder die gebruikers is predikante soos dr. André Bartlett van die NG kerk Aasvoëlkop, ds. Izak du Plessis van Alberton, en dr. Sorita Baard heelpad uit die VSA, maar ook 'n kampvegter vir die agnostisisme soos Nathan Bond. Een ou, oor wie niemand regtig seker is of hy ernstig is of 'n grap maak nie, loer daagliks in om die lof van die Katolisisme te besing terwyl hy Calvyn afkraak.

Verlede maand het Kletskerk toe sy 227ste gebruiker bygekry toe Daantjie Dinamiet 'n nuwe draad (soos mens 'n gesprekslyn noem) begin het om te sê: "Dit het tyd geword dat die kerk sonde by die naam noem, met wortel en tak uitroei en diegene wat hulle daaraan skuldig maak, swaar straf." Talle mense het ingeskryf om te sê hulle verskil, ander het simpatieker geklink. Binne 'n week was daar 50 reaksies op Daantjie se bydrae.
Onderwerpe waaroor al op Kletskerk gesels is, sluit in die uitverkiesingsleer, nudisme, die Mohammed-spotprente, Fokofpolisiekar, seksisme, die rol van troeteldiere in die Bybel, die bestaan van beskermengele. Talle predikante neem onder skuilname deel. ..
'N DRAAD waarin 'n vrou vertel het van haar ervarings as "New Age-Christen" (sy meen die Era van die Waterdraer het aangebreek) het 80 geskrewe reaksies van deelnemers ontlok dit is meer as 2700 keer gelees. 'n Gesprek oor die NG kerk Moreletapark se omstrede nuwe kerkgebou van R95miljoen het 61 reaksies gelok, en 1362 lesers. ... "DIE ontnugtering wat baie mense met die kerk as instelling ervaar en die groeiende getal Christene wat nie meer deur die tradisionele kerk aangespreek word nie, maak van Kletskerk 'n tuiste vir eerlike intellektuele diskoers oor geloof," het Jean Oosthuizen, moderator van Kletskerk, op 'n eposnavraag gereageer. "Julian Müller praat van 'n kerklose Christendom wat aan die ontwikkel is. Ek meen Kletskerk bied vir veral hierdie mense 'n bymekaarkomplek." Is dit die kerk van die toekoms? Wie weet. ... ... "Kletskerk is baie soos 'n kerk self, maar net omgekeer. Die lidmate praat heeltyd, sonder dat 'n predikant voor staan en sê wie 'n beurt kry. Is jy 'n heiden wat wil laster en kla? Die kuberkerkdeur staan vir jou oop?.?.?.?"

DEBAT

Goeie vraag vir 'kinders van God'; Yolanda Dreyer, in Godsdiens-Aktueel; Beeld, 28.05.2006

'n Man het 'n boek geskryf. 'n Spannende whodunnit. 'n Mens kan dit skaars neersit. Maar dis nie sommer enige whodunnit nie. Dit is intellektueel uitdagend en goed nagevors. Feite en fiksie, geskiedenis en verbeelding is kunstig saamgeweef. Die leser word ingetrek en uitgespoeg. Die boek smokkel met jou kop. Die boek word 'n blitsverkoper. Die wenresep van godsdiens en seks verseker dit. Godsdienste, sê sosioloë, het nog altyd beheer probeer uitoefen oor seksualiteit. Mense het gekonformeer, soms gerebelleer (soos in die 1960's), maar altyd 'n diep gevoel van wrewel vertroetel oor die mag van godsdiens en kerk. Die magsuitoefening van die kerk in die geskiedenis (nie net oor seksualiteit nie) is nie mooi nie. Geweld en tirannie. Oorloë en opstande. Die Inkwisisie. Ketter- en heksejagte. The Da Vinci code skud al hierdie geraamtes uit die kas tot sommige se satisfaksie. Vir ander bedreig dit hulle heiligste goed. Daar waar dit die seerste maak, slaan die boek genadeloos toe: goddelikheid en seksualiteit in één asem.
Het Jesus dalk 'n nageslag gehad? Daarmee het die boek die wêreld se aandag. Maar dit is nie heeltemal die punt van die storie nie. Die hoofkarakter is 'n skrywer, 'n professor in godsdienstige simboliek. Sy bekendste boek gaan oor the sacred feminine. Ook die situasie waarin hy hom bevind, draai om die onderdrukking van die vroulike aspek in godsdiens. In die taal van die Joodse en Christelike godsdienste: God het die mens geskape na God se beeld. Man en vrou het God hulle geskape. Beeld van God sluit die manlike én vroulike aspekte in. Heelheid bring balans. Maar van daar word die balans versteur. Godsdiens word 'n mannesaak. Die Bybel vertel van mans se groot dade, met hier en daar 'n vrou, meestal as dekoratiewe karakter. 'n Man is die pous. Mans is die ampsdraers, die maghebbers, die regeerders, die formuleerders van die dogma, die jagters van ketters (wie nie met ons dogma saamstem nie) en van hekse (vroue wat te veel weet). Die boek beeld uit hoe 'n fanatieke manlike "dienaar van God" sy eie liggaam pynig om sy vleeslike drifte onder beheer te bring. Dieselfde man wat geweld pleeg teen sy eie liggaam, skroom nie om dit te doen teen ander nie, totdat hy die een wat hom die naaste aan die hart lê, ook vernietig. Manne in die kerkgeskiedenis maak oorlog, vernietig, maak dood alles in die naam van die Heer, tot eer van God, en om God en God se eer te beskerm. Of is dit miskien hulself, hul posisies en eie konstrukte wat hulle beskerm?
Waar is die vroulike kant van die beeld van God? Doodgeswyg in die geskiedenis en geskrifte, doodgemaak op brandstapels. Vandag miskien meer op die voorgrond, maar tog nog dikwels doodgeïgnoreer ignored out of existence. Wat het van die sacred feminine in die kerk geword, vra The Da Vinci code.
En nou het die fliek verskyn. Die wêreld reageer. Daar is opstande en protes. Die manne-kerkleiers waarsku lidmate om hulle nie bloot te stel daaraan nie. Kan ons nou weer ketter- (en heksejagte) verwag? Ek kan my voorstel dat die skrywer die spul so bekyk en sê: I rest my case. 'n Eerstejaar- teologiese student skud haar kop. "Dat soveel mense nou 'n senuwee-instorting moet kry oor The Da Vinci code," sê sy. Gelowiges behoort vir hulself te kan dink en te kan onderskei tussen "feit" en "fiksie". Beide "feite" en "simbole" kom buitendien in die Bybel voor. Waarom kan hulle nie net rustig vasstaan in wat hulle wéét hulle glo nie? In die fliek sê die hoofkarakter vir die vrou wat volgens die storie miskien Jesus se nageslag kan wees: "Would a daughter of God destroy faith or renew faith?" Goeie vraag vir ons almal wat onsself "kinders van God" noem.
The Da Vinci code eindig waar die hoofkarakter na al sy ontberings die simbool van die sacred feminine vind. En hy is tevrede. As die ander deel bykom, is daar heelheid en balans.

GODSDIENS - AKTUEEL

Vier lesse vir die kerk ná aanval; Allan Boesak, Godsdiens-Aktueel; Beeld, 06.06.2006

Hopelik het die NUM-leier Senzeni Zokwana, wat 'n week of wat gelede so bokspringend teen Christene en vroue uitgevaar het, intussen 'n paar lesse geleer. Byvoorbeeld: Dat daar in die vakbonde self baie Christene is wat hom vir sy onverantwoordelike optrede erg verkwalik en dat hy homself binne eie geledere dus glad nie 'n guns bewys het nie. Of gewoon dat Christene en vroue ook nog kiesers is, en om kiesers op dié manier te vervreem, hopeloos dom en kortsigtig is. Of dat vroue wat hulself as 'n "rots" teenoor 'n Strijdom bewys het, nie meer bereid is om die growwe geweld waartoe mans in staat is, te sluk nie. En tereg. Of, nóg belangriker, dat mnr. Zokwana as self-erkende Christen sy geloof self 'n bietjie ernstiger moet opneem en nie toelaat dat arrogansie of politieke desperaatheid jou jou God laat vergeet nie. Ek hoop egter dat ook ons Christene hieruit 'n les of twee sal leer. *Die eerste is dat Christene se stem tel. Om allerlei redes was ons stem die laaste paar jaar onbetaamlik stil, en dit is skandelik vir ons en skadelik vir ons samelewing. Die reaksie van mnr. Zokwana op die kritiek uit Christelike hoek was nie in die eerste plek 'n teken van sy "anti-Christelikheid" nie, maar eerder 'n teken van sy vrees oor die invloed van die Christelike stem in sake van landsbelang. Sy geblaas oor die Tien Gebooie ten spyt: hy weet van beter. Die argument dat ons maar liewers swyg omdat die stem van die kerk tog nie meer gehoor word nie, is dus vals en sê meer oor ons en ons gebrek aan moed as oor die samelewing. Die kerk moet praat en Christene moet gehoor word, nie net omdat dit ons demokratiese voorreg en plig is nie,

maar omdat ons dit vanweë God en die liefde van Jesus Messias aan die wêreld verskuldig is. *Maar, en dis les twee, daar word geluister, nie omdat die kerk uit magswellus die taal van die mag praat nie, maar omdat die kerk die verlangens van die swakkes en die stemloses verwoord. As die kerk profeties, dus krities en pastoraal, opstaan vir die waarheid en die geregtigheid, word daar geluister. Ek sê nie dat ons oral met graagte gehoor word nie, maar daar word wel geluister. *Les drie spruit uit die voorafgaande.

Dis nie waar dat politici nie wil hê dat die kerk in die openbaar moet praat nie. Solank ons maar net sê wat hulle ons voorsê. In dié opsig is politici wêreldwyd dieselfde. .. Senzeni Zokwana is een van dié wat maar alte dankbaar was toe die kerk in die struggle-tyd voorgeloop het toe niemand anders wou voorloop nie. Toe was ons stem onontbeerlik en is ons met dawerende vivas! gevra om tog asseblief namens die onderdrukte massa van Suid-Afrika te praat. Toe het die kerk en Christene goed geweet wie ons leiers moet wees. Nou word ons vingerswaaiend gemaan om "nie voor te skryf nie" omdat die ANC-strukture wel sal uitmaak wie die land se leiers sal wees en hoe die leierskap hom moreel moet gedra. ... *Les vier. Die kerk se mond word maklik toegeklap omdat ons verwyt word dat ons verdeeldheid saai en self te verdeeld is. Dat sommige in die apartheidstyd doodstil was of blatant aan die onderdrukkerskant gestaan het, dat ons self onversoend is. Met ander woorde, ons gebrek aan integriteit maak ons ongeloofwaardig. En dit, vrees ek, is in groot mate waar. Maar dan is dit nie die wêreld wat ons die swye oplê nie. Ons muilband onsself. Deur ons halsstarrige ongehoorsaamheid, ons rasgebonde eiebelang, ons sondige nostalgie na vergane mag, ons verskuilde groepspolitieke agendas en ons verengde kerkbegrip.

En dis dinge waaraan net ons kan werk, en ek glo van harte dat ons kan. Maar as ons dit nie doen nie, sal die wêreld altyd kraai, sal ons in ons selfopgeslotenheid verskrompel. En sal Suid-Afrika die kans mis om te word wat God vir ons land en ons mense voor oë het.

HOOP EN WARMTE VIR DIE WINTER
Klere, komberse stroom in vir operasie Winterhoop; Beeld, 05.06.2006

Operasie Winterhoop is nou in volle gang. "Vandat die Winterhoop-projek afgeskop het, het komberse en warm klere by die Pretoria Evangelisasie en Nasorg (PEN) ingestroom." Só sê me. Anita Botha van PEN, 'n welsynorganisasie wat ook betrokke is by opersasie Winterhoop. Volgens Botha kry die projek baie goeie reaksie. "Ons ontvang klere en komberse van oral, asook talle oproepe van mense wat graag wil help. Radio Kansel het ook gehelp om sowat 1 300 komberse in te samel." Die klere en komberse word onder minderbevoorregte mense en welsynorgasisasies in Pretoria versprei. Hoewel die klere en komberse instroom, is daar nog behoefte aan onbederfbare kos en vrywilligers om te help met die uitsortering van die klere en komberse, sê sy. Operasie Winterhoop samel jaarliks warm klere, komberse en nie-bederfbare kos vir hulpbehoewendes in. Die projek word deur die Middestadse Evangelasie Sorg (MES) en verskeie ander welsynorganisasies bedryf en duur tot 18 Junie. Mense wat die projek geldelik wil steun, kan betalings doen in Winterhoop se bankrekening in Absa se Parktown-tak. Die rekeningnommer is 906 892 5251 en die takkode 514 205. Skakel 011 725 0001 vir meer inligting. Candice da Gama

GEBED ROND-OM / VIR DIE WêRELD
Duisende trek saam vir Wêreldbiddag; Burger,

KAAPSTAD. Duisende Christene van oor die Wes-Kaap heen het gister in onder meer die Bellville-fietsrystadion byeengekom om te bid vir die wêreld, die vasteland en Suid-Afrika. Ná dié byeenkomste het hulle voor die hekke van die parlement saamgespan om vir politieke leiers te bid en 'n gemeenskaplike petisie van die Transformation Africa en Consultation of Christian Churches (CCC) aan die minister van justisie en staatkundige ontwikkeling, me. Brigitte Mabandla, oorhandig. Sowat 4 000 mense het in die Bellville-fietsrystadion en 25 ander bymekaarkomplekke in die Skiereiland opgedaag vir die drie uur lange biddag, het die organiseerders gesê. Hieronder was die premier, die burgemeester, verskeie regerings- en sakeleiers en verteenwoordigers van onder meer elders in Afrika en Amerika. "Ons moet vir ons leiers bid. Hulle is immers die mense wat die toon in ons stad en op politieke vlakke aangee," het mnr. Errol Naidoo, 'n woordvoerder van Transformation □Africa en His People Christian Church, gesê. Nadat vir die wêreld, Afrika en Suid-Afrika gebid is, het 'n simboliese oomblik aangebreek. "Verteenwoordigers van die vier groot etniese groepe in Suid-Afrika wit, bruin, swart en Indiër het namens hul gemeenskappe die sondes van apartheid, en die dinge wat hulle toe aan mekaar gedoen het, bely. "Dit was 'n betekenisvolle oomblik toe Rasool en Zille hande vat. Die een is DA, die ander ANC, maar hulle het in die openbaar hul eenheid getoon en gevra dat die konflik en geweld moet stop."

Die petisie wat aan Mbandla oorhandig is, vorm deel van die pleidooi van verskeie kerkleiers dat daar nie aan die "Bybelse definisie van huwelik gepeuter word nie". Mnr Graham Power, sakeman en sameroeper van Wêreldbiddag, het gesê: "Ons sal saamstaan om te ver□seker dat dié definisie één man vir één vrou nie deur die wêreld vernietig word nie." Power se visie om die wêreld in gebed te verenig en Afrika aan die voorpunt van dié inisiatief te vestig, het oorsprong gegee aan die eerste biddag in 2001. By dié dag op Nuweland het sowat 45?000 opgedaag. Wêreldbiddag het vanjaar, omdat dit in die hartjie van die winter plaasvind, binnenshuis geskied. Power het gesê 199 nasies oor die wêreld heen het bevestig dat hulle deel van die inisiatief sal wees. Die meeste van dié saamtrekke is deur regstreekse satellietuitsendings met mekaar verbind. revona kees

Oom Bey, Gandhi inspireer Oslo: Strewe na beter lewe; Burger, 03.06.2006

Terwyl Suid-Afrika onder 'n vlaag van geweld steier, was Beyers Naudé en Mahatma Gandhi die inspirasie vir 'n gesprek in die Noorse hoofstad, Oslo, oor die samewerking tussen die onderskeie sektore in 'n gesonde samelewing. HANS BEUKES doen verslag.

DIE kerke moet hul rol as suurdeeg vervul. Die regering moet daadwerkliker optree. Die private sektor kan meer doen." Dít is hoe die rubriekskrywer Dawie onlangs sy kommer oor die wetteloosheid wat die samelewing bedreig, uitspreek. 'n Week of wat later kom honderd deelnemers, onder wie vooraanstaande Suid- Afrikaners, in Oslo saam om te peins oor "die konstruktiewe afstand en die vrugbare samewerking" tussen juis die drie sektore van die samelewing wat hy noem behalwe dat kerke met gelowe en die private sektor met die burgerlike samelewing vervang word. Die hele dag se samesprekings vloei voort uit die inspirasie wat aan twee Suid-Afrikaners toegeskryf word: die een 'n Boer, die ander 'n tydelike immigrant uit Indië maar met nasate wat Suid-Afrika as tuiste verkies het. [Volledige verslag beskikbaar by ngkinlig@mweb.co.za]

MIV/Vigs
Besnydenis help dalk teen vigs; Burger, 03.06.2006

DIE leiers van Afrika misluk in hul reaksie op MIV/vigs op die vasteland, en gebrekkige politieke wilskrag is die belangrikste rede hoekom die epidemie steeds miljoene mense se dood veroorsaak, het mnr. Mark Stirling, UNAids se direkteur vir Oos- en Suider-Afrika, Dinsdag gesê, 25 jaar nadat dié siekte die eerste keer geïdentifiseer is. Ondanks positiewe tekens hier en daar is die oorwoë indruk nie goed in Suider-Afrika, die middelpunt van die wêreld se vigskrisis, nie. Die epidemie is in verskillende fases in die streek van Swaziland, waar die MIV-voorkoms onder vroue wat voorgeboorteklinieke besoek het, sowat 42% is, tot in Madagaskar, waar die syfer minder as 1% is. Volgens Stirling gaan talle lande nog gebuk onder 'n gebrekkige reaksie op MIV/vigs. "Die rede hoekom Suider-Afrika so deur vigs geraak word, is die vertraagde reaksie en die versuim van besluitnemers om iets aan die probleme te doen," sê Stirling. Die nood is die grootste in Suid-Afrika, met sy meer as 5miljoen mense wat die virus reeds het, maar daar is ook 'n positiewe ontwikkeling deurdat onlangse navorsing in Suid-Afrika getoon het dat besnydenis mans se risiko om met die virus besmet te word, met tot 65% kan verlaag. Volgens me. Helen Jackson, vigsraadgewer van die Verenigde Nasies, word nou gewag op die uitslag van soortgelyke navorsing in Uganda en Kenia wat besnydenis as 'n kragtige wapen teen vigs kan bevestig. Andrew Quinn

AHA

Sjokolade maak jou slimmer, verlaag kans op hartsiektes; Beeld, 05.06.2006

New York - Sjokolade-verslaafdes en soettande kan hul gewete gerus 'n blaaskans gee.
Luidens 'n nuwe studie deur Amerikaanse navorsers verbeter dié soet happie, en spesifiek melksjokolade, breinfunksies soos konsentrasie en geheue. "Sjokolade bevat baie stimulante soos teobromien, fenieletielalanien en kafeïen," het dr. Bryan Raudenbush, leier van die navorsingspan van die Wheeling- Jesuïtiese universiteit in Wes-Virginië gesê. "Dis reeds tevore bewys dat dié stowwe op sigself wakkerheid en konsentrasie verhoog. Ons het nou bevind dat, deur sjokolade te eet, jy ook die stimulerende effek van dié stowwe sal hê. Dit laat die brein beter werk." Voorts bevat 'n stafie sjokolade dieselfde hoeveelheid polifenole as 'n glas rooiwyn. Dit bekamp die oksidasie van slegte LDL-cholesterol tot 'n vorm wat bloedvate kan beskadig. Boonop verhoog sjokolade goeie cholesterol en verlaag dit dus die kans op hartsiektes. En net sodra 'n mens dink jy behoort soveel moontlik sjokolade te eet, sê dieetkundiges sjokolade maak vet. - Nicolize Mulder en Reuters

LAG SAAM!

Kinderwysheid

"Maak toe die gordyne," vra ons tweejarige. "Die son kyk te skerp na my."

Toe hy gevra is wanneer hy ses sou word, antwoord ons vyfjarige kleinseun: "As ek moeg is van vyf te wees."

Toe ek 'n lastige vlieg een aand by ete probeer verjaag met 'n wit servet, merk my dogter op: "Dalk dink hy Ma gee oor."

Toe ek my dogtertjie vertel dat haar tannie 'n baba het, en dat die baba net soos haar oom lyk, vra sy: "Het die baba dan 'n snor?"

Terwyl ek een aand my vierjarige se hare was, noem ek dat sy hare begin lank word en dat ons die gou sou moes laat knip. Sy reaksie: "Miskien moet jy dit nie so baie water gee nie."

Een van my vriende komplimenteer ons vyfjarige seuntjie met sy woordeskat. Dadelik reageer hy: "Ek het nog baie woorde in my kop wat ek nog nooit gebruik het nie."

Bron: Mark Mail, http://mrhumor.net/ http://www.witandwisdom.org

Valskermspringers

Nadat ek by die valskermbataljon aangesluit het, vra ek my instrukteur wat ons te wagte was. "Die kursus is drie weke lank," antwoord hy.

"Wat nog?" vra ek.

"Die eerste week skei ons die manne van die seuns," antwoord hy, "en die tweede week skei ons die manne van die idiote."

"En die derde week?"

"Die derde week spring die idiote."

Bron: ArcaMax - http://www.witandwisdom.org

Voorvereiste

'n Jong rekruut sit voor die militêre dokter om getoets te word. Die dokter vra hom toe wat hy in die weermag wil gaan doen. "Ek wil 'n generaal word," antwoord hy.

"Is jy mal?" vra die dokter.

"Is dit dan 'n voorvereiste?" vra die troep.

Bron: Gerhard se Grapkas griesel(at)futurenet.co.za

Goed gedoen

As jong leraar is ek deur 'n begrafnisondernemer versoek om 'n begrafnisdiens te hou vir 'n boemelaar sonder familie of vriende wat op pad deur ons dorp gesterf het. Die begrafnis sou by 'n nuwe begraafplaas wees, en die man sou die eerste een wees om daar begrawe te word. Ek het die area nie geken nie, het verdwaal en het natuurlik nie stilgehou om pad te vra nie.

Uiteindelik kom ek 'n uur laat daar aan. Ek sien die slootgrawer en die werkers besig om middagete te geniet. Die lykswa is nêrens te sien nie. Ek vra verskoning aan die werkers omdat ek laat is, gaan staan op die rand van die oop graf en sien die houer is reeds laat sak.

Die werkers kom staan toe nader, nog met hulle toebroodjies. Ek het uit skuldgevoel my bes probeer om dit 'n waardige begrafnis te maak, en die werkers het my boodskap met "Amen!" en "Halleluja!" ondersteun.

Uiteindelik maak ek my Bybel toe en stap kar toe. Ek het gevoel dat ek my bes gedoen het om die werkers te bemoedig, ten spyte van my laatkommery. Toe ek my kardeur oopmaak en my baadjie uittrek, hoor ek die een man sê: "Ek het nog nooit so iets gesien nie. En dis nou al 20 jaar wat ek septiese tenks installeer."

~ http://monday-fodder.fishermansnet.com

Aangepas

'n Dame gaan sien die dokter vir haar jaarlikse ondersoek. Die verpleegster vul die kaart in. "Hoeveel weeg u?" "52 kg" Die verpleegster laat haar op die skaal klim en die naald gaan staan op 63 kg.

"Hoe lank is u?" was die volgende

vraag. "1.7 meter" Die verpleegster laat haar onder die meetstok staan, en dit lees 1.63 meter.

Die verpleegster neem haar bloeddruk en merk op dat dit baie hoog is. "Natuurlik is dit hoog!" roep die vrou uit. "Toe ek hier ingekom het, was ek lank en slank. Nou is ek kort en vet!"

http://monday-fodder.fishermansnet.com

Blymoedige dankoffer

Jare gelede was ek jeugleraar by 'n sekere gemeente. Die ander leraar het een Sondag aangekondig: "Ons moet regtig meer blymoedig wees in ons offergawes." Van toe af het ons die tradisie gehad om eers 'n "lofoffer van handeklap" te hê voor die diakens die rondte doen. Die jongmense het baie daarvan gehou en my sesjarige dogtertjie het geesdriftig meegedoen, al het sy nie mooi verstaan waaroor dit gaan nie.

Dit was alles goed en wel tot ek genooi is om by 'n ander gemeente op te tree. Die plaaslike leraar kondig toe aan: "Ons is baie bly om ons besoekende leraar hier te verwelkom, en ons het besluit dat vandag se kollekte vir hom sal gaan."

My dogtertjie het met groot geesdrif daaroor hande geklap - die enigste in die kerkgebou!

~Bron: Sermon Fodder. Stuur 'n e-pos aan Sermon_Fodder-subscribe@yahoogroups.com om in te teken.

Goedertierenheid

Ná 'n lang en baie vervelige preek stap die kerkgangers uit sonder om iets aan die prediker by die deur te sê. Aan die end van die tou was 'n bedagsame man wat altyd oor die preke kommentaar gelewer het. "Pastoor, jou preek vandag het my aan die goedertierenheid van God laat dink." Die prediker was dankbaar, en vra hoekom hy so sê. "Want dit het geduur tot in ewigheid."

Ek is moeg

Die feesnaweek is uiteindelik verby, en die dominee se vrou sak neer in 'n gemakstoel en kondig aan: "Sjoe! Maar ek is darem nou moeg."

Haar man kyk na haar en sê: "Ek het so pas vyf preke in twee dae agter die rug. Waarvan is jy so moeg?"

"Liefie," antwoord sy, "ek moes na hulle almal luister."

Bron: Good Clean Fun, om in te teken e-pos aan good-clean-fun-subscribe@yahoogroups.com

Duplikaatgebed

'n Sewejarige seuntjie bid een aand vir 'n babasussie. Die volgende oggend is daar nog geen baba nie. Sonder om moed te verloor, bid hy die volgende aand dieselfde gebed. Nog steeds geen sussie nie.

'n Klompie maande later gaan besoek hy en sy pa sy ma in die kraaminrigting. Daar lê sy mamma met 'n kosbare babasussie in elke arm. Die trotse pappa kyk na sy seuntjie en sê: "Is jou nie nou bly dat jy hiervoor gebid het nie?"

Die seuntjie antwoord: "Is Pa nie bly dat ek betyds opgehou het nie?"

-- Bron: KneEmail
http://www.oakhillcoc.org

Afskeid

'n Leraar het 'n beroep na 'n ander gemeente aangeneem en staan by die deur om sy ou gemeente te groet. Een bejaarde dame is in trane. "Jou opvolger sal sekerlik nie so goed wees soos jy nie," snik sy.

"Ag nee, bog!" reageer die leraar, in sy ego gestreel.

"Nee regtig," sê die tannie. "Ek was nou al hier onder vyf dominees en elkeen was slegter as die vorige een."

Bron: www.cybersalt.org